**Notule** van die **6de Gewone Maandelikse** vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die Raadsaal, Munisipale Kantore, Kerkstraat 15, *Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 30 Augustus 2016**

om **10:00**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** K Malooi [Uitvoerende Burgemeester], AM Slabbert (Uitvoerende Onder-Burgemeester), E Wentzel [Speaker], O Haarvoor [Voltydse Raadslid], L Basson, K Alexander, N Constable, E Lawrence, ZJD Lambert, MA Kilani en SM Motsoane

**AFWESIG:**

**Raadshere** T Prince (verskoning) en J Jonas (verskoning)

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Wrnde Direkteur: Gemeenskapdienste [ER Klink], Wrnde. Direkteur: Ingenieursdienste [C Wright] en Senior Klerk: Komitees

Past. R Oliphant open die vergadering met skriflesing en gebed.

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

**2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID**
3/4/1

| Raadslid / Heer | Datum van verlof |
|---|---|
| **Raadslid AM Slabbert** | 02 September en vanaf 07 – 09 September 2016 |

**3. Goedkeuring van Notules –**

Raadslid AM Slabbert gesekondeer deur Raadslid SM Motsoane stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word-

3.1 5de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag31 Mei 2016**

3.2 4de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag14 Junie 2016**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

3/4/1

Die Speaker deel die vergadering soos volg mee:

“Wyk 6 asook by die stasie in Wyk 2

Grootste uitdagings as dit by alles kom, swak huise kwaliteite en riool wat mense dag en nag groet.

Dieselfde uitdagings elke dag as dit kom by deure, dakke wat lek en elektrisiteite bokse waar kragbokse Visagiestraat waar jeug die veld gebruik om sokker te speel en daar geen beligting nie. Ons wil graag hoor of 'n spreilig aangebring kan word sodat die jongmense die veld meer kan gebruik om sodoende misdaad hok te slaan. Visagiestraat word ook nou die teelaarde vir misdaad omdat daar donker is en meer bejaardes deur loop.

Vullishope asook onbewoonde huise wat afgebreek word om te gebruik met onderhandelings met eienaars as nutritional centres en ander nasorgpunte vir kinders en families in die gemeenskap. Kragpunt wat ook uitdaging is maar in ons gemeenskapsvergadering het Direkteur Louw Smit gesê dat hulle besig is met onderhandelings met ASLA.

Jeugontwikkeling (Youth Development) moet weereens ons eerste prioriteit wees en aandag geniet asook geleenthede en ‘Youth desk”. Wat as ’n prioriteit in ons munisipaliteit moet wees is vroue en persone met spesiale behoeftes (people living with disabilities). Munisipale geboue is nogsteeds nie toeganklik vir persone met gestremdhede nie. NGO's moet ook deel wees van ons dag-tot-dag planne en wat uitstekende werk in ons gemeenskappe doen waarby plaaslike regering net kan baat vind.

WYKSKOMITEES

Alle Raadslede moet asseblief kennis neem van die belangrikheid om gemeenskapsvergaderings te belê om sodoende die regte prosesse en prosedures vir Wykskomitees te volg. Daar is reeds in die plaaslike koerant van ons kennis geneem van die wykskomitees asook die beskikbare nominasievorms en registrasie vir die verskillende sektore is elektronies en by alle dienspunte in die gemeenskap beskikbaar.

Die Suid Afrikaanse vlag wat daagliks gehys moet word asook die netheid van die geboue siende dat dit die trekpleister is vir toeriste omdat dit die oudste munisipaliteit is.

Baie dankie

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Die Uitvoerende Burgemeester deel die vergadering soos volg mee:

"Dankie Speaker

Ek het 'n ellelange lys van verklarings en mededelings, maar ek dink nie ek gaan dit vandag daarop fokus nie, ek dink ek gaan net op 'n paar areas fokus. Ek het die afgelope tyd 'n ervaring gehad wat 'n bitter smaak in my mond laat voel het, dit gaan oor hoe ons mense hanteer en ek wil 'n beroep doen dat ons al ons mense met die nodige respek hanteer. Dat ons as 'n instansie dienswillig is teenoor die mense. Ek kan vir u sê die ervaring wat ek gehad het, het my laat vra as iemand met my so praat, hoe praat ons met die publiek wie ons kliënte is aan die einde van die dag. Daarom wil ek graag dat die Batho Phele beginsels nie net gepraat word nie, maar dat ons dit werklik sal uitlewe. Dat ons instansie dit ook sal uitlewe dat ons 'n institusionele geheue kweek dat die mense weet dat hulle met respek behandel word en dat ons vir hulle die nodige diens lewer. Ek het nogal nie lekker gevoel nie omdat mense my ook ingelig het, ons kan dit nie so aanvaar nie.

'n Ander aspek wat die afgelope tyd aanvaar, konsekwente optrede, ons wil graag hê "*what is good for the goose must be good for the gander as well*" dat ons nie mense moet hanteer anders as wat ons ander mense hanteer nie. Ek klink omslagtig, maar my punt wat ek wil maak is konsekwentheid is vir my baie belangrik.

Die ander kwessie wat my egter kommernis gee is die "Learnership", leerders wat nogsteeds nie hul stipends ontvang het nie, dit is vir my baie kommerwekkend en ek moet ook sê dat dit lyk die probleem lê nie by die Munisipaliteit nie, ek beskou dit as 'n probleem en het die Munisipale Bestuurder opdrag gegee om finaliteit te kry oor hierdie aspek. Ons kan nie toelaat dat ons leerders vir maande nie betaal word nie. Ek hoop dat ons binnekort gaan antwoord kry.

Ek sien hierbuite hang 'n vlagpaal en ek het nog nooit 'n vlag aan daardie vlagpaal gesien nie. Ek wil graag hê dat die Suid-Afrikaanse vlag met trots wapper wanneer ons 8 uur soggens begin werk en weer 6 uur om net weer daardie trots terug te bring. Ek kan nie aanvaar dat ons landsvlag nie in sy volle glorie wapper nie voor die munisipaliteit, nie dus net een versoek wat ek wil bring.

Die Minister van Behuising sal op 6 September 2016 hier wees sodat ons die kwessie van die toilette heeltemal uitsorteer. Dit kom al 'n tyd aan ons moet finaliteit gee aan hierdie aspek. Ek hoop sy besoek sal dit aan die gang sit.

Dan het ek ook 'n ander bekommernis ons het baie EPWP en CWP werkers, maar dit lyk vir my dat hulle nie effektief aangewend word nie, want ons dorp bly vuil die manne werk, maar jy nie sien nie die resultate van die werke wat gedoen word nie. Ek wil hê dat ons weer moet gaan kyk en seker maak dat ons EPWP en CWP werkers "opgecheck" word sodat die werk gedoen word wat verwag word. Ons kan nie 600 werkers het, maar ons het 'n vuil dorp nie, dit moet manifesteer in 'n skoon dorp, dit moet manifesteer in goed wat beplan en gedoen word en 'n mooi beeld gee. Ons almal streef na 'n skoon dorp wat nie baie "potholes" het nie dit sal aan die einde van die dag 'n riem onder die hart wees. Ek wil graag hê dat die CWP en EPWP werkers "opgecheck" word. Dat ons mense wat in die programme werk, werk en dat ons as inwoners die resultate van die werk sal sien wat hulle doen.

Ek wil graag hê dat ons werk aan 'n nuusbrief wat ons aan die gemeenskap versprei moet word. Die inhoud van die nuusbrief sal later bespreek word.

Ek kyk hier na die presensielys die meeste van die vergaderings wat ek bywoon het 'n ín teken tyd en 'n uitteken tyd. Ek wil voorstel dat ons na hierdie siklus gaan sien daar is 'n klomp gerol, maar dat ons seker maak dat ons by die volgende geleentheid ook daardie kolomme ook daar sal sien. Ons het 'n geval gehad dat waar ons heeltemal tekort geskied het en dit was eintlik die probleem.

Dan het dit onder my aandag gekom dat daar Raadslede is wat vergaderings reël met Direkteure en werkers ek wil duidelik wees daaromtrent. Dit berus nie by 'n Raadslid om vergaderings met Direkteure te reël nie, maar individueel mag kan die Raadslid met die Direkteure gaan praat ek mag dit nie weg nie, maar daar kan nie vergaderings gereël word nie daardie prerogatief lê by die Burgemeester. Kom ons hou dit waar dit hoort.

U weet ook ons munisipaliteit is nie tans in 'n baie goeie finansiële posisie nie, en dit sluit ook by my ander mededelings aan wat gaan oor die kwaliteit werk of die effektiwiteit van wat ons doen aan die einde van die dag. Ek sien in die dorp ry voertuie en hulle sê vir my ons transport koste is astronomies, ek sien dit onmiddellik as 'n geleentheid om seker te kan maak dat ons transport kostes te besnoei en dat ons munisipaliteit so gou moontlik weer in 'n likiede situasie in te kry. As ek dit so mag stel, ek weet nie of my rekenkundige terme reg is nie. As ons met transport kan bespaar behoort ons alreeds na 'n goeie op pad kan wees wat ons aan die einde van die dag kan wees.

Die heel groot kommer is dat ek nie weet watter projekte in die dorp aangaan nie, ek wil 'n beroep doen dat ek so gou moontlik ingelig word oor projekte wat aangaan. Ek kan nie toelaat dat projekte plaasvind en ek weet nie en die mense op die grond vra vir my oor projekte dit is absoluut onaanvaarbaar. As Uitvoerende Burgmeester vereis ek en verlang ek dat ek op hoogte gehou word van projekte wat aangaan en projekte wat in die vooruitsig is. Dis vir my 'n absolute vereiste dit ek oor dit ingelig moet word, want dit het rippel effekte en ek moet beheer oor dit het om dit behoorlik te kan bestuur.

Speaker soos ek reeds aan die begin gesê het ek het heel paar punte wat ek met die Raad oor wil praat, maar ek gaan staan by hierdie punte.

Baie dankie.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 COL DON PROJECTS
13/2/1

Mr R Haai from Col Don Projects made a presentation to Council with regard to the erection of the Solar Farm whereby Council-

**RESOLVED**

That Mr R Haai of Col Don Projects submit all feasibility studies that was conducted to serve before Council.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: MEI, JUNIE EN JULIE 2016
5/1/2/1; 8/1/1/2/3

dkd

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor dat die Artikel 71 maandverslae ten opsigte van Mei, Junie en Julie 2016, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

### 7.2 ADJUSTMENT BUDGET: ROLL-OVERS: 2016/2017
5/1/2/1

dkd

Councillor N Constable seconded Councillor AM Slabbert proposed that the Adjustment Budget Roll-overs for 2016/2017 financial year, be accepted and approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

### 7.3 REPORT ON THE IMPLEMENTATION OF THE BUDGET AND FINANCIAL STATE OF AFFAIRS OF THE MUNICIPALITY – SECTION 52(d) AND SECTION 54 OF THE MFMA: 4th QUARTER OF 2015/2016 FINANCIAL YEAR
5/1/2/1

dkd

Councillor N Constable seconded by Councillor AM Slabbert proposed that the Report on the Implementation of the Budget and Financial State of Affairs of the Municipality – Section 52(d) and Section 54 of the MFMA: 4th Quarter of 2015/2016 financial year, be accepted and approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING

4/6/1/6

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor-

bp
mb 8.1.1 Dat die status quo gehandhaaf word ten opsigte van die oorhandiging van sertifikate by die Raadsvergadering deur die Uitvoerende Burgemeester.

8.2.2 Dat daar ook twee keer 'n jaar 'n oorhandiging seremonie gedoen word waar familielede van die betrokke amptenare, raadslede en Direkteure genooi sal word om deel te wees van die funksie.

8.2.3 Dat goedkeuring verleen word dat 'n funksie vir werknemers wie met pensioen uit diens tree, met meer as 20, 30 en of 40 jaar diens, gehou word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES

SP

**NOTED**

### 8.3 BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: RISK MANAGEMENT POLICY

2/8/1

dkd
ia Councillor SM Motsoane seconded by Councillor AM Slabbert proposed that the Policies from 8.3 till 8.8 be accepted and approved, and that all the Policies be workshopped to Council.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

### 8.4 BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: RISK POLICY

2/8/B

Completed under item 8.3

**8.5 RISK POLICY**
2/8/B

Completed under item 8.3

**8.6 FRAUD AND RISK MANAGEMENT IMPLEMENTATION PLAN**
2/8/B

Completed under item 8.3

**8.7 FRAUD AND RISK MANAGEMENT COMMITTEE CHARTER**
2/8/B

Completed under item 8.3

**8.8 ANTI-FRAUD AND CORRUPTION STRATEGY AND RESPONSE PLAN**
2/8/B

Completed under item 8.3

**8.9 SKEDULE VAN VERGADERINGS: 2016**
3/4/1

dkd
kk Raadslid SM Motsoane gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat skedule van Raad- en Staande Komitee vergaderings vir 2016 soos aangeheg as Bylae 100 tot 103 van die agenda na gegaan word en dit dienooreenkomstig aan die Raad voor te hou.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.10 COMPOSITION OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF SECTION 60(2) OF THE MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 117 OF 1998 AND DESIGNATION OF FULL-TIME COUNCILLORS**
3/4/1

mb
dkd Councillor AM Slabbert proposed that the appointment of an extra full-time Councillor not be approved due to the financial constraints and that Administration should make provision in the 2017/2018 financial year budget for the appointment of an extra Fulltime Councillor.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.11 MFMA: SECTION 66: EXPENDITURE ON STAFF BENEFITS

5/1/2/4

dkd

Councillor N Constable seconded by Councillor AM Slabbert proposed that the expenditure incurred by the Municipality on staff salaries, wages, allowances and benefits, be accepted and approved.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.12 MFMA: SECTION 11(4): WITHDRAWALS FROM MUNICIPAL BANK ACCOUNTS

5/1/2/4

dkd

Councillor SM Motsoane seconded by Councillor ZJD Lambert proposed that the Withdrawal from Municipal Bank accounts in accordance with MFMA: Section 11(4), be accepted and approved.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.13 RENEWAL OF OVERDRAFT FACILITIES

5/8/2

dkd

Councillor SM Motsoane seconded by Councillor ZJD Lambert proposed that approval be granted for the renewal of the overdraft facilities in terms of subsection (1)(b) to (j), of the MFMA.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.14 BEAUFORT WEST AUDIT COMMITTEE AND PERFORMANCE AUDIT COMMITTEE CHARTER

2/8

dkd

ia Councillor N Constable seconded by Councillor E Lawrence proposed that the Audit and Performance Audit Charter attached as Annexure 117 to 128, be accepted and approved.

**UANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.15 NOTULES / VERSLAE VAN DIE OUDITKOMITEE VIR BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2015/2016**
5/12/2/3
dkd
ia Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat die Ouditkomitee notules soos uiteengesit in Bylae 129 tot 142 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.16 TABLETTE: RAADSLEDE**
7/2/2
dkd

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor dat tablette wat aan Raadslede toegestaan is, gratis aan hulle voorsien word aangesien daar nie 'n beleid is wat dit reguleer nie."

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.17 VOORGESTELDE WYSIGING VAN VERKOOPVOORWAARDES: TENDERS: BID: DID 01/2008 EN CORP 13/2008: SA TOLLING**
7/3/4/1/1
ba

Raadslid MA Kilani gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor:-

8.17.1 Dat die Raad die besluite soos geneem op 24 November 2015 en 05 April 2016 herbevestig word.

8.17.2 Dat die rente op die uitstaande koopsom nie afgeskryf word nie.

8.17.3 Dat daar nie met SA Tolling en/of mnre. Kumkaran onderhandel word rakende die verdere transaksies vir die ontwikkeling van 'n sonkrag aanleg totdat die tender- en verkoopvoorwaardes van toepassing op tender DID 01/2008 en CORP 13/2008, ten volle nagekom is nie.

8.17.4 Dat SA Tolling in kennis gestel word om die waarborge vir die uitstaande koopsom met rente daarop voor of op 31 Oktober 2016 te lewer, alternatiewelik die volle kapitaal met rente aan die Munisipaliteit te betaal en by versuim beide transaksies gekanselleer sal word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.18 TRANSPORT: BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT AAN N.B. MOTSOANE: ERF 844: SIDESAVIWA**
7/3/4/1/3/1

Raadslid SM Motsoane verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**BESLUIT**

ba

Dat die Raad kennis neem van die aangeleentheid met betrekking tot die aankoop van erf 844, Sidesaviwa deur NB Motsoane.

Raadslid SM Motsoane sluit by die vergadering aan na bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.19 TRANSPORT: BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT // V.F.V. KLINK: ERF 5111, BOTESSTRAAT 1: BEAUFORT-WES**
7/3/4/1/3/2

Raadslid N Constable en mnr. ER Klink [Wrnde. Direkteur: Gemeenskapdienste] verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

ba Raadslid SM Motsoane gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat VFV Klink 90 (neëntig) dae gegun word om koopsom ten opsigte van erf 5111, Botesstraat 1, ten volle te vereffen.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Raadslid N Constable en mnr. ER Klink [Wrnde. Direkteur: Gemeenskapdienste] sluit by die vergadering aan na bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.20 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE RUSTDENE**
7/3/4/1/3/2

ba

Raadslid AM Slabbert stel voor dat goedkeuring verleen word dat 'n waardasie van die erwe te Rustdene gedoen word en dat die erwe te Rustdene, uit die hand uit te koop aangebied word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.21 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: DECEMBER 2015 AND JANUARY 2016**
8/1/1/2/3

ba

Councillor N Constable proposed that the Supply Chain Management Monthly Implementation Report for December 2015 and January 2016, be accepted and approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.22 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT QUARTERLY IMPLEMENTATION REPORT: 01 APRIL 2016 – 30 JUNE 2016**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the Quarterly Report from 01 April 2016 till 30 June 2016 received from the Supply Chain Manager attached as Annexure 178 to 185 of the agenda, be accepted and approved.

**8.23 MINUTES: SPEAKER'S FORUM MEETING: 06 MAY 20216: PLETTENBERG BAY**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.24 BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: IDP AND BUDGET TIME SCHEDULE / PROCESS PLAN FOR COMPILATION AND APPROVAL OF THE 2017-2022 IDP & MEDIUM TERM EXPENDITURE FRAMEWORK**
10/3/3/5/10

aa
dkd Councillor N Constable seconded by Councillor ZJD Lambert proposed that the IDP and Budget Time Schedule / Process Plan for Compilation and Approval of the 2017-2022 IDP and Medium Term Expenditure Framework Process Plan for 2017/2022 received from the IDP Coordinator, be approved and be advertised for in the local newspaper.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.25 MIG PROJEKTE: BESKIKBARE BEDRAE VIR 2016/2017 EN 2017/2018**
10/3/3/5/5

dkd

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor:-

8.25.1 Dat die MIG Projekte se beskikbare bedrae vir die 2016/2017 en 20172018 finansiële jaar, goedgekeur en aanvaar word.

8.25.2 Dat riglyne met betrekking tot die PMU samestelling en die werksaanbiedinge aan die Raad voorgelê word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.26 APPOINTMENT OF AUTHORISED OFFICIAL IN TERMS OF SECTION 35(2) OF THE SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT ACT, 2013 (SPLUMA)**
12/1/B; 12/8/B

ba

Councillor SM Motsoane seconded by Councillor N Constable proposed that the Municipal Manager be appointed as the Authorised Official for such periods when the Director: Engineering Services is on leave/sick leave or out of office for periods longer than two (2) days.

**UNINMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.27 AANSOEK OM GEDEELTELIKE HERSONERING VAN PLAAS JURY FONTEIN: BEAUFORT-WES: CHARL PIENAAR**
12/4/4/2

Raadslid SM Motsoane gesekondeer deur Raadslid O Haarvoor stel voor:-

ba

8.27.1 Dat die hersonering van 71 $m^2$ van die plaas Jury Fontein Nr. 141 soos aangedui op terreinplan MYcad/15/3-3 dateer Maart 2015, vanaf Landbousone I na Nywerheidsone II ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word met die volgende voorwaardes:-

8.27.1.1 Dat die abattoir alleenlik aangewend mag word vir die slag van pluimvee (hoenders).

8.27.1.2 Dat die verslagtingsvermoë (deurset) van die abattoir beperk word tot 50 pluimvee per dag.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.28 WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN (WSDP) VIR 2016/2017 VIR BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**
13/1/2/4

ba

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid E Lawrence stel voor dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan vir 2016/2017 finaal goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.29 TRANSNET – PHELOPHEPHA HEALTH CARE TRAIN: VISIT BEAUFORT WEST: 12 TO 16 SEPTEMBER 2016**
13/7/2/1

dkd

Councillor ZJD Lambert seconded by Councillor MA Kilani proposed:

8.29.1 That Council take note of the health care train that will be in Beaufort West during the week of 12 September 2016 to 16 September 2016 and will be stationed at the Good Shed, Hooyvlakte.

8.29.2 That the communities be made aware of the Phelophepha Health Train visit in Beaufort West.

**UNINMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.30 AMENDMENT: POLICY FOR THE EPWP**
13/7/17/1

dkd

Councillor N Constable seconded by Councillor ZJD Lambert proposed that the amended EPWP Policy be accepted and approved and that Council be workshopped on the Policy.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.31 HERNUWING VAN HUURKONTRAK NR. T4995: HUUR VAN PERSEEL TE LETTERKOP (GEDEELTE VAN PLAAS 265 VAN DER BYLSKRAAL): MERWEVILLE: MOBIELE TELEFOON NETWERK (EDMS)**
7/3/4/1/1

aa

Raadslid SM Motsoane gesekondeer deur Raadslid L Basson stel voor dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurkontrak vir die verhuring van die perseel te Letterkop ('n Gedeelte van die Plaas 265, Van der Bylskraal) Merweville aan MTN teen 'n huurbedrag van R200.00 per maand BTW uitgesluit, vir 'n periode / termyn van 9 jaar en 11 maande.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.32 AFSKRYF VAN UITGEDIENDE BATE: DEPARTEMENT: FINANSIËLE DIENSTE**
7/2/2

ba

Raadslid N Constable gesekondeer deur Raadslid SM Motsoane stel voor:-

8.32.1 Dat die uitgediende bates van die Direkteur: Finansiële Dienste soos uitgesit in Bylae 429 tot 431 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

8.322 Dat 'n lys van die uitgediende bates aan die Raad voorgehou word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.33 WAARNEMING: DIREKTEUR: GEMEENSKAPDIENSTE**
SP ER Klink

Sien Afsonderlike Notuleboek

**ADDENDMUM-AGENDA**

**8.34 SECTION 56 APPOINTMENT: DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES**
4/3/1

Sien Afsonderlike Notuleboek

**9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES**

**KENNISGEWING VAN MOSIE: REVISIE VAN BESLUIT GENEEM OP 31 MEI 2016 PER ITEM 8.11**
3/2/1/1

Die Munisipale Bestuurder meld dat die tyd van die mosie uitgeloop en dat die prioriteitslys van MIG Projekte alreeds by MIG ingedien is.

**NOTED**

**10. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Die vergadering verdaag om **14:00.**

Notule bekragtig hierdie __________ dag van _________________________ 2016.

_________________________________
E Wentzel
***[Speaker]***